

'n Droomtjale

Tjales, veral sulke pragstukke, is nog altyd hoog in die mode

BENODIGHEDE

32 balle (20 g) Twilley Lystwist; hekelpen nr. 2,50.

GROOTTE

Boonste wydte: 167 cm;
middelste lengte: 109 cm
(fraiings uitgesluit).

SPANNING

6 spasies en 9 rye = 10 cm.

AFKORTINGS

ks — kettingsteek; lb — langbeen;
driesl — drieslagsteek; sp —
spasie; gls — glijpsteek; grp(e) —
groep(e); herh — herhaal; alt —
alternatiewe; vlg — volgende;
vermin — verminder.

OM TE MAAK

Vir beste resultate gebruik voorgestelde gare.

Beg met 397 ks (los gehekel).

1e Ry: 1 lb in 5e ks vanaf pen, *
1 lb in elk van vlg 3 ks, 1 lb, 1
ks, 1 lb in vlg ks *. Herh van *
tot * tot einde van ry, draai.

2e Ry: 5 ks, 1 driesl, 1 ks, 2
driesl in 1e ks-sp, * 2 driesl, 1 ks,
2 driesl in vlg ks-sp (grp gemaak)
*. Herh van * tot * tot einde van
ry (werk laaste grp in 3e van 5
ks), draai.

3e Ry: gls tot by 1e ks-sp en 2e
grp, 4 ks, 1 lb in dieselfde sp, * 3
lb tussen grpe; 1 lb, 1 ks, 1 lb in
ks-sp van vlg grp *. Herh van *
tot * tot einde van ry, draai.

4e Ry: 5 ks, 1 driesl, 1 ks, 2
driesl in 1e ks-sp, * 1 grp in vlg
ks-sp *. Herh van * tot * tot
einde van ry, maar werk laaste
grp in 3e van 4 ks, draai.

Herh laaste 2 rye, vermin 1 grp
aan albei kante aan elke alt ry
tot slegs 3 grpe oorbly. Heg af.

AFWERKING

Sny gare in lengtes van 53 cm.
Gebruik altesame 8 stringe en
maak tossels met dubbele knoop
aan tjale vas. Nadat tjale gewas
is, kam tossels liggies uit.

